Marli **van Wyngaard**

Maties se vroue hokkiespan is kampioen van kampioene

Skaars 'n week nadat die Maties-rugbyspan die klubkampioenskappe gewen het, het die Maties se vroue hokkiespan óók bewys dat hulle die beste klubspan in die land is.

Die Maties het onlangs aan die nasionale Champ of Champs-klubkampioenskappe in Durban deelgeneem en afgereken met die beste hokkiespanne in Suid-Afrika.

Eerste aan die beurt was Pietermaritzburg Collegians wat met 8-0 slae gekry het. Daarna moes die Universiteit van KwaZulu-Natal die knie buig met 3-0. Maties se derde wedstryd – in minder as 24 uur – was teen die Tukkies (Universiteit van Pretoria). Dié taai kragmeting het 0-0 geëindig.

In die Maties se laaste wedstryd moes hulle met die verdedigende kampioen, Saints van Suid-Gauteng, afreken om die beker te wen. Die Maties het hulle uitstekend van hul taak gekwyt en die wedstryd oortuigend met 7-0 gewen.

Kate Hector, links, in aksie

Die Maties-vroue het altesame 18 doele ingeoes en nie een afgestaan nie. Wat hul prestasie nóg meer merkwaardig maak, is dat hulle met agt nuwelinge en 'n ander afrigter (almal van die Vics-span) die toernooi moes aandurf. Vyf van hul staatmakers het tydens die kampioenskappe diens gedoen vir die SA o.21-span. Hul afrigter, Jenny King, is ook die afrigter van dié span.

> *Elke speler het meer as haar deel gedoen en alle verwagtings oortref. Dít onderstreep die diepte van Maties Hokkie en hou groot belofte in vir die toekoms."*

Wat Wiese egter die meeste verras het, was die vertoning van die span se nuwelinge. "Vir my was die hoogtepunt van die hele kompetisie die Vics-spelers wat die plekke moes volstaan van gesoute Maties. Elke speler het meer as haar deel gedoen en alle verwagtings oortref. Dít onderstreep die diepte van Maties Hokkie en hou groot belofte in vir die toekoms."

Rix skryf Maties se sukses grootliks toe aan die wonderlike spangees wat onder die spelers heers en die gevoel van Maties-trots in die span. "Ek glo 'n gelukkige span is 'n wenspan. Ons is ook 'n uitstekende span van die veld af, en dit help baie."

Die Maties se kondisionering was die deurslaggewende faktor in dié strawwe toernooi, aldus Wiese. "Ons resep vir sukses was die span se fisieke kondisionering, hul dissipline en die vermoë om by die wedstrydplan te bly. "Die Maties se prestasie is ook gebou op jare se goeie vertonings. Sedert 1983 het Maties al 17 keer aan die kampioenskappe deelgeneem, waarvan ons 13 titels verower het. *Success breeds success*."

m

KortSport

Ernst van Dyk wen New York Marathon se rolstoelafdeling



Oudmatie en bekende rolstoel-atleet, Ernst van Dyk, het nog 'n trofee om in sy uitstalkas te sit nadat hy die rolstoelafdeling van die New York Marathon gewen het. Die 32-jarige Van Dyk se tyd vir die resies was 1:31:11. Van Dyk is die wêreld rekordhouer in die marathon (1:18:27) en veral bekend as die vyfmalige wenner van die Boston Marathon.

Chris Sadie

Hector en Sadie is 2005 se sterre

Die hokkiespeler Kate Hector en judoka Chris Sadie is Maties se Sportvrou en –man van die Jaar. Hector speel vir die US se eerstespan en het onlangs haar 50ste wedstryd vir die nasionale span gespeel. Sadie het die mansafdeling by die SA Judo-kampioenskappe gewen, word gereken as die beste judoka in die land en was tweede by die Afrika-kampioenskappe.

Regstelling: Rooies van Wyk

In die vorige uitgawe van Matieland, in die berig "Matierugby se nuwe president en voorsitter" is nagelaat om meer inligting oor die uittredende voorsitter van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub, dr Rooies van Wyk, te gee. Dr Van Wyk was die afgelope drie jaar die Voorsitter van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub. Hy het vir die Maties en die WP rugby gespeel en was ook die President van die Boland Rugby Unie.